

*Argief*


BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c      Donderdag, 24 Oktober 1968      WINDHOEK      Thursday, 24 October 1968      No. 2936

## INHOUD

## CONTENTS

*Bladsy/Page*

### PROKLAMASIE:

### PROCLAMATION:

No. 66. Datum van Inwerkingtreding van die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968 . . . . .

Date of Commencement of the South West Africa Library Service Ordinance 1968 . . . . . 1700

### GOEWERMENSKENNISGEWING:

### GOVERNMENT NOTICE:

No. 166 Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika: Regulasies . . . . .

South West Africa Library Service Ordinance, 1968: Regulations . . . . . 1701

## PROKLAMASIE

## PROCLAMATION

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 66 of 1968.]

No. 66 of 1968.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE ORDONNANSIE OP DIE BIBLIOTEEKDIENS VIR SUIDWES-AFRIKA 1968 (ORDONNANSIE 15 VAN 1968).

DATE OF COMMENCEMENT OF THE SOUTH WEST AFRICA LIBRARY SERVICE ORDINANCE, 1968 (ORDINANCE 15 OF 1968).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 21 van die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968 (Ordonnansie 15 van 1968) verklaar ek hierby dat genoemde ordonnansie op die eerste dag van November 1968 in werking tree.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 21 of the South West Africa Library Service Ordinance, 1968 (Ordinance 15 of 1968) I do hereby declare that the said Ordinance shall come into operation on the first day of November, 1968.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 14de dag van Oktober 1968.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 14th day of October, 1968.

W.C. DU PLESSIS,  
*Administrateur*

W. C. DU PLESSIS,  
*Administrator*

## Goewermentskennisgewing.

## Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 166.]

[24 Oktober 1968

### REGULASIES VIR DIE BIBLIOTEEKDIENS VIR SUIDWES-AFRIKA.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bepalings van artikel 20 van die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968 (Ordonnansie 15 van 1968) die volgende regulasies te maak:

#### *Woordbepaling.*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

„biblioteekdepot” ’n dienspunt van die Diens binne ’n biblioteekstreek, ingestel ingevolge artikel 5 (f) van die ordonnansie;

„biblioteekstreek” ’n geografiese eenheid soos deur die Direkteur bepaal, wat deur ’n streekbiblioteek bedien word;

„boekverspreidingsdiens” ’n diens waarvolgens boeke per kas uitgeleen word;

„geregistreerde lid” enige biblioteek of persoon wat ooreenkomstig artikel 5 van die ordonnansie en regulasies 2 en 5 van hierdie regulasies tot die Diens toegelaat is;

„lidbiblioteek” ’n biblioteek wat lid geword het van die Diens ingevolge artikel 5 (a) van die ordonnansie en regulasie 2 van hierdie regulasies;

„ordonnansie” die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968.

„streekbiblioteek” die hoofkantoor van die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika in ’n bepaalde biblioteekstreek; en

het enige woord waarvan die betekenis in artikel 1 van die ordonnansie bepaal word dieselfde betekenis as in daardie artikel.

#### *Toelating van openbare biblioteke tot die Diens.*

2. Enige openbare biblioteek met uitsluiting van ’n openbare biblioteek in ’n verklaarde stedelike biblioteekgebied kan tot die Diens toegelaat word en geregistreer word as ’n lid daarvan op sodanige voorwaardes soos die Direkteur in elke geval stel: Met dien verstande dat die beginsels gehandhaaf word dat:

(a) die plaaslike bestuur in vennootskap met die Diens die verantwoordelikheid vir sy openbare biblioteek bly behou;

(b) die plaaslike bestuur, waar nodig, huisvesting na die bevrediging van die Direkteur, gratis voorsien;

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 166.]

[24 October 1968

### REGULATIONS FOR THE SOUTH WEST AFRICA LIBRARY SERVICE.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the provisions of section 20 of the South West Africa Library Service Ordinance, 1968 (Ordinance 15 of 1968) to make the following regulations.

#### *Definitions.*

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise —

“library depot” means a service point of the Service within a library region established under section 5 (f) of the ordinance;

“library region” means a geographical unit as determined by the Director, served by a regional library;

“book distribution service” means a service whereby books are lent per case;

“registered member” means any library or person admitted to the Service in terms of section 5 of the ordinance and regulations 2 and 5 of these regulations;

“member library” means any library which has become a member of the Service under section 5 (a) of the ordinance and regulation 2 of these regulations;

“ordinance” means the South West Africa Library Service Ordinance, 1968;

“regional library” means the head office of the South West Africa Library Service in any particular library region; and

any word of which the meaning is defined in section 1 of the ordinance shall have the same meaning as in that section.

#### *Admission of public libraries to the Service.*

2. Any public library, excluding a public library in a declared urban library area, may be admitted to the Service and registered as a member thereof on such conditions as the Director may in each case determine: Provided that the following principles be maintained:—

(a) that the local authority, in partnership with the Service, retain responsibility for its public library;

(b) that the local authority, where necessary, provide free accommodation to the satisfaction of the Director;

- (c) die plaaslike bestuur bydra tot die bedryfskoste van die biblioteek; en
- (d) alle biblioteekfasiliteite vryelik beskikbaar moet wees vir dié rasse-groepe binne die grense van die plaaslike bestuur vir wie dit bedoel is.

*Bydrae tot die bedryfskoste.*

3. (1) 'n Plaaslike bestuur waarvan die openbare biblioteek as lid tot die Diens toegelaat is, dra ooreenkomstig die blanke bevolkingsyfer van die gebied onder die beheer van daardie plaaslike bestuur jaarliks tot die bedryfskoste van sodanige lidbiblioteek by 'n persentasie van die uitgawesyfer uit inkomsterekening van die plaaslike bestuur ten opsigte van die boekjaar wat die boekjaar waarin die openbare biblioteek as lid tot die Diens toegelaat is voorafgaan, volgens die formule:

bevolking 1—1000:  $\frac{1}{4}\%$  van die uitgawesyfer uit inkomsterekening;

bevolking 1001—5000:  $\frac{3}{8}\%$  van die uitgawesyfer uit inkomsterekening;

bevolking 5000+:  $\frac{1}{2}\%$  van die uitgawesyfer uit inkomsterekening.

(2) Die bydraesyfer sal van tyd tot tyd hersien word, maar nie minder nie as elke derde jaar.

(3) By toelating tot die Diens kan die berekende bydrae volgens die diskresie van die Direkteur jaarliks aangepas word so dat die volle bydrae bereik word na nie langer nie as drie jaar nadat die betrokke openbare biblioteek tot die Diens toegelaat is.

*Biblioteekdepots.*

4. Die Direkteur sal ooreenkomstig artikel 5 (f) van die Ordonnansie na goedvinde van tyd tot tyd biblioteekdepots onder die Diens instel, op voorwaarde dat vir elke afsonderlike biblioteekdepoet —

- (a) die plaaslike gemeenskap of liggaam onderneem om akkommodasie na die bevrediging van die Direkteur gratis te voorsien en in stand te hou;
- (b) 'n geskikte persoon, goedgekeur deur die Direkteur, sy/haar dienste as ere-bibliotekaris/esse aanbied en onderneem om die bepalinge van die ordonnansie en regulasies van die Diens na te kom; en
- (c) dieselfde regulasies as vir lidbiblioteke van die Diens, waar van toepassing geld.

*Toelating van persone tot die Diens.*

5. Enige persoon kan tot die Diens toegelaat word en as lid daarvan geregistreer word indien sodanige persoon volgens die oordeel van die Direkteur nie met redelike gerief gebruik kan maak van bestaande biblioteekfasiliteite onder die Diens of in 'n stedelike biblioteekgebied nie en in 'n gebied woonagtig is wat deur die Direkteur tot biblioteekstreek verklaar is.

*Beëindiging van lidmaatskap.*

6. (1) Die Direkteur kan die lidmaatskap van enige lid van die Diens beëindig indien sodanige lid die bepalinge van hierdie regulasies en die voorwaardes wat by intrede gestel is nie nakom nie, of as dit volgens die oordeel van die Direkteur nie in die belang van die Diens sal wees om verder diens aan so 'n lid te lewer nie.

(2) Enige geregistreerde lid kan sy lidmaatskap van die Diens opse deur daarom aansoek te doen by die Direkteur en sy goedkeuring daarvoor te verkry.

- (c) that the local authority contribute to the running costs of the library; and
- (d) that all library facilities shall be freely available to those racial groups within the boundaries of the local authority for whom they are intended.

*Contributions toward running costs.*

3. (1) A local authority whose public library has been admitted to the Service as a member shall, in accordance with the white population figure of the area under the control of that local authority contribute annually to the running costs of such member library a percentage of the expenditure figure from revenue account of the local authority in respect of the financial year preceding that in which the public library was admitted to the Service as a member, according to the formula —

population 1—1000:  $\frac{1}{4}\%$  of the expenditure figure from revenue account;

population 1001—5000:  $\frac{3}{8}\%$  of the expenditure figure from revenue account;

population 5000+:  $\frac{1}{2}\%$  of the expenditure figure from revenue account.

(2) The contribution figure shall be reviewed from time to time but not less often than every third year.

(3) On admission to the Service the amounts calculated may be adjusted annually at the discretion of the Director so that the full amount be reached not later than three years after the public library concerned has been admitted to the Service.

*Library depots.*

4. The Director may in terms of section 5 (f) of the ordinance in his discretion from time to time establish library depots under the Service: Provided that for every separate library depot —

- (a) the local community or body shall undertake to provide and maintain free accommodation to the satisfaction of the Director;
- (b) a suitable person, approved by the Director, offer his/her services as honorary librarian and undertakes to comply with the provisions of the ordinance and regulations of the Service; and
- (c) the same regulations as those applicable to member libraries of the Service shall, where applicable, be in force.

*Admissions of persons to Service.*

5. Any person may be admitted to the Service and be registered as a member thereof if such person, in the opinion of the Director, cannot with reasonable convenience make use of existing library facilities under the Service or in an urban library area and is resident in an area declared to be a library region by the Director.

*Termination of membership.*

6. (1) The Director may terminate the membership of any member of the Service if such member fails to comply with the provisions of these regulations and the conditions imposed on admission or if, in the opinion of the Director, it would not be in the interests of the Service to render any further service to such member.

(2) Any registered member may withdraw his/its membership of the Service by applying therefor to the Director and obtaining his approval thereto.

(3) Sodra 'n lid se lidmaatskap van die Diens beëindig is, moet alle biblioteekmateriaal en ander eiendom van die Diens dadelik aan die betrokke streekbiblioteek of, waar van toepassing, die sentrale kantoor van die Diens terugbesorg word.

*Die hoeveelheid biblioteekmateriaal wat geleen mag word.*

7. (1) Die Direkteur bepaal hoeveel biblioteekmateriaal 'n lidbiblioteek van die streekbiblioteek mag leen, met die voorbehoud dat in die geval van boeke die minimum getal 250 sal wees. In elke geval sal minstens 33 $\frac{1}{3}$  persent van die totale lening aan boeke vakliteratuur wees.

(2) Lidbiblioteke mag by elke wisselingsgeleentheid tot 20% van die geleende biblioteekmateriaal omruil tensy die Direkteur in die lig van die hoeveelheid sodanige geleentheidde per jaar anders besluit.

*Versoeke om spesiale biblioteekmateriaal.*

8. Enige lid van die Diens mag biblioteekmateriaal oor spesiale onderwerpe wat nie gewoonlik deur streekbiblioteke versprei word nie van die streekbibliotekaris aanvra, wat dit sal voorsien indien dit beskikbaar is.

*Reorganisasie van biblioteke en biblioteeksamewerking.*

9. (1) Sodra 'n biblioteek tot die Diens toegelaat is, sal personeel van die Diens dit volgens vakkundige standarde reorganiseer indien dit volgens die oordeel van die Direkteur vereis word.

(2) Vir die duur van die reorganisasie van 'n lidbiblioteek word geen biblioteekmateriaal uit daardie biblioteek aan die gebruikers daarvan uitgereik nie, tensy die Direkteur in die lig van besondere omstandighede anders besluit.

(3) Die stelsels en prosedures wat tydens en na die reorganisasie van 'n lidbiblioteek gevolg en ingestel word, word deur die Diens voorgelig en, indien nodig, deur die Direkteur voorgeskryf.

(4) Elke geregistreerde lid van die Diens skakel in by die tussenbiblioteekse leenstelsel.

*Biblioteekkomitees.*

10. (1) Die plaaslike bestuur wat saamwerk in die voorsiening van biblioteekfasiliteite onder die Diens moet ten opsigte van die openbare lidbiblioteek binne die gebied onder sy beheer 'n adviserende biblioteekkomitee bestaande uit 5 tot 9 lede aanstel vir 'n tydperk van 2 jaar.

(2) Twee van die lede moet raadslede van die plaaslike bestuur wees, die bibliotekaris moet *ipso facto* as lid en as sekretaris van die komitee dien en die oorblywende komiteeledede moet deur die geregistreerde lede van die lidbiblioteek verkies word.

(3) In die geval van nie-blanke openbare biblioteke onder die Diens moet die plaaslike bestuur volgens sy diskresie twee komiteeledede aanwys, terwyl die bibliotekaris *ex officio* lid en sekretaris moet wees en die oorblywende komiteeledede tydens 'n algemene vergadering deur die geregistreerde lede van die biblioteek verkies moet word.

(4) Elke komitee kies sy eie voorsitter wat vir twee agtereenvolgende termyne van twee jaar as voorsitter kan dien en daarna voor herverkiesing vir minstens twee jaar lank moet onderbreek.

(5) Die biblioteekkomitee moet minstens vier keer per jaar vergader.

(3) As soon as a member's membership of the Service has been terminated all library material and other property of the Service shall immediately be returned to the regional library concerned or, where applicable, to the central office of the Service.

*Amount of library material which may be borrowed.*

7. (1) The Director shall determine the amount of library material which a member library may borrow, from a regional library provided that, in the case of books, the minimum shall be 250. In each case not less than 33 $\frac{1}{3}$ % per cent of the total loan in books shall be non-fiction.

(2) Member libraries may, at every exchange occasion exchange up to 20% of the borrowed library material unless the Director, in view of the number of such occasions per year determines otherwise.

*Requests for special library material.*

8. Any member of the Service may request library material on special subjects, not usually distributed by regional libraries, from the regional librarian who shall supply such material if available.

*Reorganisation of libraries and library co-operation.*

9. (1) As soon as a library has been admitted to the Service, staff of the Service may reorganise it according to professional standards if, in the opinion of the Director, such reorganisation is required.

(2) For the duration of the reorganisation of a member library no library material from that library may be issued to the users thereof unless the Director, in the light of special circumstances, determines otherwise.

(3) The systems and procedures to be followed and instituted during and after reorganisation of a member library shall be indicated by the Service and, if necessary, prescribed by the Director.

(4) Every registered member of the Service shall join the inter-library loan system.

*Library committees.*

10. (1) The local authority co-operating in the provision of library facilities under the Service shall, in respect of the public member library within the area under its control appoint for a period of 2 years an advisory library committee consisting of from 5 to 9 members.

(2) Two of the members shall be board members or councillors of the local authority; the librarian shall be a member *ipso facto* and act as secretary of the committee and the remaining members shall be elected by the registered members of the member library.

(3) In the case of non-white public libraries under the Service the local authority shall in its discretion designate two committee members while the librarian shall be a member *ex officio* and the secretary and the remaining committee members shall be elected at a general meeting by the registered members of the library.

(4) Every committee shall elect its own chairman who may serve as chairman for two consecutive terms of two years and thereafter there shall be a break of at least two years before his re-election.

(5) The library committee shall meet at least four times in every year.

(6) Die biblioteekkomitee moet die plaaslike bestuur adviseer oor verskillende aangeleenthede met betrekking tot die eie openbare biblioteek, insluitende —

- (a) beleidsake;
- (b) beheer;
- (c) personeel;
- (d) finansies;
- (e) beheer van eiendomme; en
- (f) algemene sake.

*Verordeninge en regulasies van openbare biblioteke.*

11. Die plaaslike bestuur wat saamwerk in die voorsiening van biblioteekfasiliteite onder die Diens moet binne twee jaar na inskakeling by die Diens in oorleg met die biblioteekkomitee en die Direkteur eie regulasies opstel en aan die Administrateur voorlê vir goedkeuring en afkondiging in die *Offisiële Koerant*.

*Pligte van bibliotekaris en ere-bibliotekaris.*

12. (1) Bibliotekaris/esses en ere-bibliotekaris/esses onder die Diens moet die organisasie en administrasie van biblioteke behartig onder leiding van en in ooreenstemming met die beleid van die Diens.

(2) Van bibliotekaris/esses en ere-bibliotekaris/esses word verwag om 'n register van leners en ander registers en boeke te hou waarin hulle statistiese en ander gewens volgens voorskrif van die Direkteur opteken.

(3) Die by subregulasie (2) genoemde registers en boeke moet te alle tye beskikbaar wees vir kontrole deur 'n verteenwoordiger van die Diens.

*Voorraadopname.*

13. Bibliotekaris/esses en ere-bibliotekaris/esses onder die Diens moet teen die einde van elke kalenderjaar 'n voorraadopname van alle biblioteekmateriaal volgens 'n voorgeskrewe metode uitvoer, indien moontlik onder leiding en met die hulp van 'n verteenwoordiger van die Diens.

*Registrasie van leners.*

14. Van elke lener word verwag om 'n registrasiekaart volgens voorskrif in te vul en daarmee te onderneem om die reëls van die lidbiblioteek na te kom en om vergoeding vir die verlies of beskadiging van biblioteekmateriaal deur hom geleen te betaal soos deur 'n verteenwoordiger van die Diens bepaal, maar in elk geval nie meer as die vervangingswaarde van die materiaal nie. Die registrasiekaart van 'n minderjarige moet deur die ouer of voog mede-onderteken word.

*Leentydperk en hoeveelheid biblioteekmateriaal aan lede uitgeleen.*

15. Lede van lidbiblioteke mag hoogstens drie publikasies gelyktydig uitneem tensy die bibliotekaris of ere-bibliotekaris van mening is dat die spesiale omstandighede van 'n lener die uitleen van meer publikasies aan hom/haar regverdig. Van hierdie drie publikasies moet minstens een vakliteratuur wees. Publikasies word vir 'n tydperk van veertien dae uitgeleen, maar verlenging van die leentydperk kan toegestaan word indien voor die vervaldag daarom aansoek gedoen word en indien die publikasie nie in aanvraag is nie.

*Ander biblioteekmateriaal.*

16. (1) Voorwaardes vir die uitleen van ander biblioteekmateriaal kan in oorleg met 'n verteenwoordiger van die Diens gereël word.

(6) The library committee shall advise the local authority on various matters pertaining to its own public library, including —

- (a) matters of policy;
- (b) control;
- (c) staff;
- (d) finances;
- (e) control of properties; and
- (f) general matters.

*By-laws and regulations of public libraries.*

11. The local authority co-operating in the provision of library facilities under the Service shall, within two years after joining the Service, and in consultation with the library committee and the Director prepare its own regulations and submit them to the Administrator for approval and promulgation in the *Official Gazette*.

*Duties of librarians and honorary librarians.*

12. (1) Librarians and honorary librarians under the Service shall conduct the organisation and administration of libraries under the guidance of an in accordance with the policy of the Service.

(2) Librarians and honorary librarians shall be expected to maintain a register of borrowers and other records and books in which statistical and other data shall be entered as prescribed by the Director.

(3) The registers, records and books mentioned in subregulation (2) shall at all times be available for control by a representative of the Service.

*Stocktaking.*

13. Librarians and honorary librarians under the Service shall, towards the end of every calendar year take stock of all library material according to a prescribed method, if possible under the guidance and with the assistance of a representative of the Service.

*Registration of borrowers.*

14. Every borrower shall be expected to complete a registration card as prescribed and on it to undertake to observe the rules of the member library and to pay compensation for the loss of or damage to any library material borrowed by him as determined by a representative of the Service, but in each case at a value not higher than the replacement value of such material. The registration card of a minor shall be counter-signed by the parent or guardian of such minor.

*Borrowing period and amount of library material loaned to members.*

15. Members of member libraries may take out not more than three publications simultaneously unless the librarian or honorary librarian is of the opinion that the special circumstances of the borrower justify the loan of more publications to him/her. At least one of these three publications shall be non-fiction. Publications shall be loaned for a period of fourteen days, but extension of the loan period may be granted if application therefor is made before the date of expiry and if such publication is not in demand.

*Other library material.*

16. (1) Conditions governing the loan of other library material may be arranged in consultation with a representative of the Service.

(2) Oudiovisuele materiaal mag uitgeleen word slegs aan persone wat oor geskikte toerusting vir die gebruik daarvan beskik.

*Boetes.*

17. (1) Lidbiblioteke van die Diens mag boetes hef teen 5c per item per volle week of deel daarvan dat die leentydperk van biblioteekmateriaal, uitsluitende oudiovisuele materiaal, oorskry word. In die geval van oudiovisuele materiaal moet hoër boetes vir elke afsonderlike item, maar nie 50c per item per volle week of deel daarvan te bowe gaande nie, in oorleg met 'n verteenwoordiger van die Diens bepaal word.

(2) Aangesien boetegelde deur die betrokke biblioteke tot hulle eie voordeel aangewend word, moet te alle tye rekenskap van ingevorderde boetes gegee kan word.

(3) Die streekbibliotekaris kan ten opsigte van persone wat as lede tot die Diens toegelaat is ooreenkomstig regulasie 5 volgens die in subregulasie (1) genoemde skaal boetegelde invorder, maar in hierdie geval moet ingevorderde boetegelde in die Inkomsterekening van die Administrasie gestort word.

*Verlore of beskadigde materiaal.*

18. 'n Lidbiblioteek van die Diens moet ten opsigte van biblioteekmateriaal wat van die Diens geleen en verlore of beskadig is anders as deur redelike slytasie, soveel terugbetaal aan die Administrasie as wat deur 'n verteenwoordiger van die Diens bepaal word, maar in elk geval nie meer as die vervangingswaarde van die materiaal nie.

*Uitleen van biblioteekmateriaal aan besoekers.*

19. (1) 'n Lidbiblioteek van die Diens mag biblioteekmateriaal uitleen aan persone wat nie gewoonlik binne die grense van die gebied waarin die biblioteek diens lewer woonagtig is nie, met dié voorbehoud dat sodanige persone 'n bedrag van R1-00 of meer, volgens die diskresie van die bibliotekaris, of die gemiddelde vervangingswaarde per eenheid van enige ander biblioteekmateriaal, moet deponeer.

(2) 'n Deposito word geheel of gedeeltelik verbeur as die materiaal nie terugbesorg word nie of as dit in 'n beskadigde toestand terugbesorg word anders as deur redelike slytasie.

*Gelde moet in inkomsterekening inbetaal word.*

20. 'n Bibliotekaris/esse of ere-bibliotekaris/esse onder die Diens moet daarvoor sorg dat alle gelde, buiten boetes, wat aan die Administrasie verskuldig is ten opsigte van biblioteekmateriaal van die Diens in die Inkomsterekening van die Administrasie gestort word, en 'n kwitansie aan die streekbiblioteek voorsien.

*Weiering om biblioteekmateriaal uit te reik.*

21. Tensy alle eise waarvoor 'n lener aanspreeklik is, betaal is, word geen biblioteekmateriaal aan sodanige lener uitgereik nie.

*Blootstelling van boeke aan aansteeklike siektes.*

22. (1) Niemand wat ly aan 'n siekte waarvan kennis gegee moet word ooreenkomstig die Volkgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919) mag toegelaat word om biblioteekmateriaal van 'n openbare of ander biblioteek onder die Diens of 'n biblioteekdepot uit te neem of te gebruik nie en niemand mag biblioteekmateriaal wat aan hom uitgereik is aan so 'n persoon uitleen nie.

(2) Iemand wat in besit is van biblioteekmateriaal, wat aan 'n siekte waarna in subregulasie (1) verwys

(2) Audio-visual material may be lent only to persons having suitable equipment to make use thereof.

*Fines.*

17. (1) Member libraries of the Service may levy fines at 5c per item per full week or part thereof exceeding the loan period of library material, excluding audio-visual material. In the case of audio-visual material higher fines for every separate item, but not exceeding 50c per item per full week or part thereof, shall be determined in consultation with a representative of the Service.

(2) As fine moneys will be used by the libraries concerned for their own benefit it shall be obligatory at all times to be able to account for fines collected.

(3) The regional librarian may, in respect of persons admitted to the Service as members under regulation 5, collect fine moneys under the scale given in subregulation (1) but in such a case fine moneys collected shall be paid into the Revenue Account of the Administration.

*Lost or damaged material.*

18. A member library of the Service shall, in respect of library material borrowed from the Service and lost or damaged, otherwise than as a result of reasonable wear and tear, refund to the Administration such an amount as may be determined by a representative of the Service, which amount shall in every case be not more than the replacement value of such material.

*Loan of library material to visitors.*

19. (1) A member library of the Service may lend library material to persons not ordinarily resident within the boundaries of the area in which the library renders service, provided that such persons shall deposit an amount of R1-00, or more at the discretion of the librarian, or the average replacement value per unit of any other library material.

(2) A deposit shall be forfeited in its entirety or in part if the material is not returned or if it is returned in a damaged condition otherwise than as a result of reasonable wear and tear.

*Moneys to be paid into the Revenue Account.*

20. (1) A librarian or honorary librarian under the Service shall ensure that all moneys, except fines, owing to the Administration in respect of library material of the Service be paid into the Revenue Account of the Administration and that a receipt be submitted to the regional library.

*Refusal to issue library material.*

21. Unless all demands for which a borrower is liable have been satisfied no library material shall be issued to such borrower.

*Exposure of books to contagious diseases.*

22. (1) No person suffering from a disease of which notice has to be given in terms of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919) shall be allowed to take out or use library material from a public or other library under the Service or a library depot and no person shall lend library material issued to him to any such person.

(2) Any person in possession of library material, exposed to any disease referred to in subregulation (1), shall

word, blootgestel is, moet die Afdeling Gesondheid of die plaaslike bestuur onder wie se jurisdiksie die biblioteek ressorteer hiervan in kennis stel.

*Boekverspreidingsdiens.*

23. Die boekverspreidingsdiens tesame met die lede daarvan vorm 'n integreerende deel van die Diens, maar is nie aan die bepalings van hierdie regulasies onderhevig nie.

*Ure van diens.*

24. Die ure van diens van die personeel en die tye waarop 'n lidbiblioteek of biblioteekdepot van die Diens vir leners oop is, moet in oorleg met die Direkteur bepaal word.

*Besoeke van diens.*

25. Lidbiblioteke van die Diens word van tyd tot tyd besoek deur 'n verteenwoordiger van die Diens wat 'n verslag en aanbevelings aan die biblioteekkomitee beskikbaar stel vir voorlegging aan die plaaslike bestuur. Sodanige besoeke kan ook aangevra word.

*Voorsiening van naslaan-, kinderbiblioteek- en leeskamerfasiliteite deur lidbiblioteke van die Diens.*

26. Lidbiblioteke van die Diens moet in samewerking met hul betrokke plaaslike besture binne 'n redelike tydperk na toelating tot die Diens soos in oorleg met die Direkteur bepaal, verseker dat toereikende afsonderlike naslaan-, kinderbiblioteek- en leeskamerfasiliteite na die bevrediging van die Direkteur voorsien word.

*Takke van openbare biblioteke in gebiede van plaaslike besture met meer as 10,000 inwoners.*

27. In die gevalle waar daar meer as 10,000 blanke persone binne die grense van 'n plaaslike bestuur woon, hetsy in 'n verklaarde stedelike biblioteekgebied, hetsy in 'n gebied wat bedien word deur 'n lidbiblioteek van die Diens, moet sodanige plaaslike bestuur een of meer takke van die biblioteek binne die gebied stig, in oorleg met en volgens vereistes deur die Direkteur gestel.

*Biblioteekdiens aan hospitale.*

28. Indien daar 'n geregistreerde blanke hospitaal geleë is binne die grense van die gebied waarin 'n lidbiblioteek diens lewer, moet die betrokke biblioteek met die goedkeuring van en in oorleg met die hospitaalowerheid en die Direkteur sodanige hospitaal van 'n biblioteekdiens voorsien.

*Appel by die Administrateur.*

29. Enige persoon of liggaam wat ontevrede is met 'n beslissing van die Direkteur in verband met die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika, mag appel aanteken by die Administrateur, wie se beslissing afdoende is.

notify the Health Branch or the local authority under whose jurisdiction the library falls of this fact.

*Book distribution service.*

23. The book distribution service together with its members shall form an integral part of the Service, but shall not be subject to the provisions of these regulations.

*Hours of duty.*

24. The hours of duty of the staff and the times when a member library or library depot of the Service shall be open to borrowers shall be determined in consultation with the Director.

*Visits by Service.*

25. Member libraries of the Service shall from time to time be visited by a representative of the Service who shall make available to the library committee a report and recommendations for submission to the local authority. Such visits may also be requested.

*Provision of reference, children's library and reading room facilities by member libraries of the Service.*

26. Member libraries of the Service shall, in co-operation with their respective local authorities, within a reasonable period after admission to the Service, as determined in consultation with the Director, ensure the provision of adequate separate reference, children's library and reading room facilities to the satisfaction of the Director.

*Branches of public libraries in areas of local authorities, having more than 10,000 inhabitants.*

27. In those cases where more than 10,000 white persons live within the boundaries of any local authority, whether in a declared urban library area or in an area served by a member library of the Service, such local authority shall, in consultation with and according to the requirements set by the Director, establish one or more branches of the library within such area.

*Library service to hospitals.*

28. If a registered white hospital is situated within the boundaries of the area in which a member library renders service, the library concerned shall, with the approval of the Director and in consultation with hospital authorities provide a library service to such hospital.

*Appeal to the Administrator.*

29. Any person or body who is dissatisfied with any decision of the Director in connection with the South West Africa Library Service may appeal to the Administrator, whose decision shall be final.

